

Nico: Moenie die slang, pous, ANC of my blameer as jy te min aftreegeld het

24 netwerk24.com/sake/geldsake/nico-moenie-die-slang-pous-anc-of-my-blameer-as-jy-te-min-aftreegeld-het-20261009-0821



Hierdie week dink ek terug aan Adam en Eva. Nie dat ek daar was nie; ek lees maar so en hoor maar so van hulle. Wat dink ek?

Die tweetjies het mekaar daar in die paradys ontmoet. Glo sonder 'n stukkie klere aan (wie sou tog vir hulle kon klere maak as hulle eerste daar was?). En toe doen hulle wat ek glo standaard is vir twee kaalbas volwassenes. En niemand kyk nie.

Maar, en hier is die stukkie wat my laat kopkrap, wie was die oorsaak van die romantiese gewoel onder die vyeboom?

Die slang. Die een in die appelboom.

Dis hoe ver ek kon teruggaan om te bevestig dat baie mense geneig is om alles en almal rondom hulle die skuld te gee vir wat hulle gedoen het, of nagelaat het om te doen.

Ek sien dit nou in die reaksie van sommige oor my vorige rubrieke. My standpunt bly. Soos dit maar is met die waarheid. Dit staan daar. En jy kan nou almal van die slang, die pous,

tot die ANC en selfs vir my blameer, maar as jy te min gespaar het vir jou aftrede, is dit jou skuld en n  t joune.

Kom ons gesels vandag ’n bietjie wyer oor aftrede.

Die probleem

Die probleem is net dit. Aftrede.

Vir jonger mense, wanneer dit juis die tyd is om vir aftrede te begin spaar, l   aftrede doer in die toekoms. Daar is dan belangriker dinge.

Eers die tekens van sukses opstapel. En dan kom kinders. Boeta, kan hulle jou aftreepplanne op die afdraande pad aanhelp. Vra my, ek was daar.

Probleme is daar baie. Ek kan nie almal noem nie.

Hier is die vraag wat lesers hulself moet vra: Is dit redes, of is dit verskonings? Die twee l   styf teen mekaar, maar dit is nie dieselfde nie.

Voorbeeld 1

Ek konsulteer eendag met ’n vrou. Sy en haar man is pas uitmekaar en ek moes help met die bestuur van haar geldsake (egskeidingspakket) vorentoe. Nie ’n miljoen of twee nie. Miljoene.

Dit het my 10 minute geneem om vir haar te s  : Ek gaan jou nie raad gee nie; ek gaan vir jou besluit.

Hoekom?

Sy was een van daardie mense wat haar hele pensioen laat uitbetaal het om vir ’n dogter se troue te betaal.

Ek gaan vir jou hierdie deel van jou geld in ’n lewenslange gewaarborgde inkomsteproduk bel  , s   ek toe, anders gaan jy binnekort niks h   nie.

Gelukkig was sy nie dom nie.

Die res van die geld – miljoene – is toe, soos ek verwag het, binne twee jaar uitgegee. Aan die kinders. Al wat sy vandag het, is die gewaarborgde inkomste waarin ek haar basies “geboelie” het.

Voorbeeld 2

Een van Eskom se oud-ingenieurs. ’n Man. Wit. Afrikaans. En daarom kry hy die trekpas. Sy pensioen? R3 000 per maand.

Kan ek help? Ja, maar dan moet jy luister. Hy het.

Hy het vir die volgende klompie jare gewerk. Van die een kontrak na die ander. Soms ver van die huis af. En ons het sy geld belê. Eers min. Maar geld het mos sy manier om meer te word as dit uitgelos word.

En hier op rondom 70 jaar toe kry ons vir hom 'n lewenslange gewaarborgde inkomste, wat ook sy vrou se lewe insluit. Hy kon toe aftree. Met gemak aftree.

Dit neem nie veel meer as harde werk en gelddisipline nie. Kry aftreeouderdom uit jou kop. As jy kan werk, werk.

Jou aftreefonds

Lidmaatskap van 'n aftreefonds skep 'n vals beeld. Mense dink hul aftrede is uitgesorteer, want hulle is lid van 'n werkgewer se aftreefonds.

Hier is die waarheid: Dit is selde genoeg vir aftrede. Of dan nou genoeg om jou lewenstyl vol te hou.

Wat help, is natuurlik as jy geen skuld het nie. Dan kan 'n mens nogal met nie te veel nie oor die weg kom.

En jy moet jou aftreegeldjies reg belê. Dit kan jou aftree-toekoms maak of breek.

Kyk verby beloftes van 'n groot opbrengs. Dit bestaan nie. Dis 'n manier van onetiese produksie om jou gierigheid uit te buit vir eie gewin.

Jou huil is op pad as jy hiervoor val.

Hoeveel moet jy spaar?

Daar is diegene (kenners) wat meen jy moet by aftrede 'n bedrag kapitaal beskikbaar hê van 20 keer jou laaste jaar se salaris.

En só lyk die som.

Kom ons sê jy is 25 jaar oud en jou aftreedatum is op 65 jaar. Dit is 40 jaar om te spaar. Jy verdien nou R500 000 per jaar. As ons aanneem dat jy elke jaar 'n 5%-verhoging gaan kry, gaan jy in jou laaste jaar 'n salaris van R3 519 994 kry.

Maak dit met 20 en jou aftreekapitaal wat benodig word, is R70 399 888.

Hier lê die probleem. Die meeste mense spaar in hul aftreefonds 15% van hul salaris. Trek hiervan af koste en risikodekking en jy spaar effektief maar sowat 11% van jou salaris.

Op R500 000 per jaar is dit dus so R55 000 per jaar wat jy spaar vir aftrede. Oor 40 jaar en teen 'n groeikoers van 9% per jaar, kyk ons na aftrekapitaal van so R35 180 812.

Jy is R35 219 076 kort van jou aftredoelwit. Sowat die helfte minder. Jy het addisionele beleggings nodig. Jou aftreefonds alleen is 'n mite.

Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is die besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com.

[Wys Kommentaar \(45\)](#)